



# Die Pad van Waarheid tot die Lewe

## Sewe Feeste van Yahuah

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

Sh'ma Yisra'el Yahuah eloheinu Yahuah egad.

Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een

| INHOUDSOPGAWE                  | BLS. |
|--------------------------------|------|
| INLEIDING                      | 1    |
| VASGESTELDE TYE - LEVITIKUS 23 | 2    |
| DIE EERSTE DRIE FEESTE         | 4    |
| 1. PESAG                       | 4    |
| 2. FEES VAN ONGESUURDE BRODE   | 4    |
| 3. DIE WAAIOFFER               | 5    |
| DIE VIERDE FEES – SHAVU'OT     | 6    |
| DIE LAASTE DRIE FEESTE         | 8    |
| 5. BLAAS VAN DIE SHOFAR        | 8    |
| 6. YOM KIPPER                  | 8    |
| 7. SUKKOT                      | 8    |
| KOPIEREG                       | 9    |

### 1. Inleiding

Die Feeste van God is simbole van 'n **lewe** van oorwinning in die **Koninkryk** van God - die bewys van Vader se handeling met en betrokkenheid by Sy kinders, reg deur die jaar. Dit is daarom belangrik dat ons Sy Woord reg verstaan en hanteer. Dit is belangrik dat dit die volgende sal wees:

**Die Waarheid** - (Dus so naby aan die oorspronklike as moontlik)

Hierdeur kan jy dan die Karakter en Outoriteit van יהוה leer ken, asook: Jou Skeppingsroeping

**Die Hele Waarheid** - (Niks weggevat of verdoesel nie)

Dit is die enigste manier waarop ons 'n Volle Lewe kan vind en leef en eet van die Boom van Lewe.

**Niks anders as die Waarheid nie** - (Niks bygevoeg nie)

Om 'n Rein, Afgesonderde Lewe te kan lei, moet alle ander dinge opsygeskuif word. Net die 100% standaard soos in die Skrif vir ons gegee, is aanvaarbaar.

## Aan wie het jy die outoriteit oor JOU LEWE gegee?

Misleiding is die byvoeg of weglaat by / uit wat Vader in Sy Woord vir ons leer.

**2 Tim 4:1** Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel **by die openbaring van Sy Koninkryk:**

- 2 verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering,
- 3 want daar kom 'n tyd dat hulle die **ware leer** nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle **eie begeertes**, wat hulle gehoor kan streel
- 4 en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na **fabels** toe draai.

**Luk 6:27** maar Ek sê vir julle wat luister, julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan dié wat julle haat.

Die **Tabernakel** het 'n vaste orde en volgorde wat nie kan verander nie.

Ons **Verlossing** en **Lewenswyse** gaan deur dieselfde volgorde.

Die **feeste** van God is op vasgestelde tye, in 'n sekere volgorde, om 'n rede.

Ons kan 'n sekere fees slegs verstaan binne die konteks van sy posisie in die reeks en sy doel in die Koninkryk. Dit is dus nodig dat ons na die volledige prentjie kyk.

## 2. Vasgestelde tye - Levitikus 23

**יהוה** **praat self en sê:**

**Lev 23:2** “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Die vasgestelde tye van יהוה moet julle as afgesonderde byeenkomste verklaar; hierdie is My vasgestelde tye:

- 3 vir ses dae lank mag julle werk, maar **op die sewende dag is dit 'n Shabbat** van volkome rus, 'n afgesonderde byeenkoms. Jy mag géén werk doen nie, dit is 'n Shabbat van יהוה, oral waar julle bly.
- 4 Hierdie is die vasgestelde tye van יהוה, afgesonderde byeenkomste, wat julle moet verklaar in die tye wat vir hulle bepaal is.
- 5 **Op die veertiende dag van die eerste maand, tussen die twee sonsondergange, is die Pesag tot יהוה**
- 6 en op **die vyftiende dag van dieselfde maand is die Fees van Ongesuurde Brode** tot יהוה; sewe dae lank moet julle ongesuurde brood eet.

**Lev 23:11** Hy moet die gerf voor die Teenwoordigheid van יהוה waai, om vir julle aanvaar te word; **op die dag ná die Shabbat moet die priester dit waai.**

**Lev 23:16** tot die dag **ná die sewende Shabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe graanoffer tot יהוה bring.**

**Lev 23:24** “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘**In die sewende maand, op die eerste dag van die maand**, moet julle rus. Dit is 'n gedenkdag deur die blaas van die ramshoring (shofar), 'n afgesonderde byeenkoms.

**Lev 23:27** “**Op presies die tiende dag** van hierdie sewende maand is dit die dag van Toedekking. Dit sal vir julle 'n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet in nederigheid vas en 'n offer, deur vuur, tot יהוה offer.

**Lev 23:34** “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘Op die **vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit vir sewe dae lank die Huttefees (Sukkot)** tot יהוה. **Yog 7:2**

- 35** Op die eerste dag sal daar 'n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag geen gewone werk doen nie.
- 36** Sewe dae lank moet julle 'n offer, deur vuur, tot יהוה offer. **Op die agste dag moet daar vir julle 'n afgesonderde byeenkoms** wees en julle moet 'n offer, deur vuur, tot יהוה offer. Dit is 'n bymekaarkoms en julle mag geen gewone werk doen nie.

Hierdie alleen is al die verpligte feeste wat Vader vir ons gee en dus die volledige boodskap van Vader se betrokkenheid by ons.

Daar is ook ander feeste wat volksfeeste is en hulle het goeie boodskappe, maar hulle is nie verpligte feeste wat God vir ons gegee het volgens Sy orde en plan nie.

**DIE VASGESTELDE TYE VAN יהוה, AFGESONDERDE BYEENKOMSTE, WAT JULLE MOET VERKLAAR IN DIE TYE WAT VIR HULLE BEPAAL IS.**

**Elke Week:**

**Lev 23:3** - Shabbat op die **Sewende dag** (Saterdag).

**Elke Jaar:**

**Eerste drie feeste as een groep:**

1. **Lev 23: 5** - **Pesag** (Vorbereidingsdag vir Ongesuurde Brode) op 14 de dag van die Eerste maand (Aviv/Nisan). **Dit is nie 'n Shabbat nie.**
2. **Lev 23: 6** - **Ongesuurde Brode** vanaf 15 de dag van Aviv - vir 7 dae - **eerste en laaste dag is Shabbatte.**
3. **Lev 23:11** - **Waai van die Gerf** op Eerstedag van die week ( Sondag) wat val binne die week van Ongesuurde Brood. **Dit is nie 'n Shabbat nie.**

**Vierde Fees: Fees van Weke - Oesfees**

**4. Lev 23:16** - **Shavu'ot** - 50ste dag na die Waai van die Gerf. **Dit is 'n Shabbat.**

**Die laaste drie feeste as een groep:**

5. **Lev 23:24** - **Yom Teruah** (Blaas van die Shofar) - 1ste dag van die 7de Maand (Tishri). **Dit is 'n Shabbat.**
6. **Lev 23:27** - **Yom Kippur** (Dag van verootmoeding) - 10de dag van die 7de Maand (Tishri). **Dit is 'n totale vas en Shabbat.**
7. **Lev 23:34 - 36** - **Sukkot** (Loofhutte fees) – vanaf 15de dag van die 7de Maand vir 7 dae - **die eerste en die agste dag is spesiale shabbatte.**

**Duidelik sê Vader self:** Al hierdie is Sy afgesonderde feeste (Moadim) op die tye wat Hy daarvoor bepaal het. Vanaf die eerste tot die laaste het Hy self die tye daarvoor en die duur daarvan bepaal. Hy het bepaal wanneer die Shabbat is en wanneer elke fees afsonderlik is. As Hy self dit nie later in die Skrif verander het nie, dan is dit steeds geldig. **Om dit nie te doen nie is rebellie teen God se instelling self!!!**

### 3. Die Eerste Drie Feeste

**Hierdie beeld die eerste stappe om in die Koninkryk van God in te beweeg, uit.** Dit is dus die verlossings of reddingsstappe.

#### **Pesag = Ons vryspraak**

Dit beteken om verby te gaan / oor te sien. **Ons vryspraak** van die sonde waarvoor ons moes betaal, maar waarvoor betaal is deur die bloed van 'n Lam.

#### **Ongesuurde Brood = Ons afsondering**

Na redding is dit noodsaaklik dat ons alle sonde uit ons lewens verwyder en 'n afgesonderde lewe lei - **ons afsondering**.

#### **Waaioffer = Ons aanvaarding**

Die eersteling van die oes is aan Vader opgedra vir Sy aanvaarding en seën op die hele oes - **ons aanvaarding omdat Sy offer aanvaar is**.

#### 1. Pesagfees



#### **Verlossing / Vryspraak**

Waarvan is u verlos?

Uit wat is u gered?

Ons is gered en uitgehaal uit die koninkryk van die duisternis, van Satan, die teëstander van God, waar die koning van die wêreld en duisternis heers.

Tydens Pesag het ons die onverdiende voorreg om Yeshua as Koning te verklaar, want ek leef in Sy Koninkryk en moet dus volgens Sy standarde leef.

**1 Yog 2:6** hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het.

#### 2. Week van Ongesuurde Brode



#### **Ons Afsondering**

**As verlostes leef ons nie meer volgens:**

- **die ou lewe,**
- **begeer ons nie meer die ou dinge en**
- **is daar vir ons geen plesier in sonde nie.**

**1 Kefa 1:13** Bind daarom die heupe van julle verstand vas, **Yes 11:5; Efe 6:14** wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een,

**14 soos gehoorsame kinders** en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie,

**15** maar wees **afgesonderdes in al julle lewenswyses**, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is

**16** omdat daar geskrywe is: **Lev 11:44,45; 19:2; 20:7,26** “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.”

**17** As julle jul op Hom as Vader beroep, wat onpartydig oordeel volgens elkeen se dae, **leef dan in**

- respekvolle vrees** gedurende dié tyd wat julle vreemdelinge is
- 18** omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle leë dade wat tradisioneel deur die vaders oorgedra is nie, [Yes 52:3](#)
- 19** maar **deur die kosbare bloed van die Lam**, waarin geen gebrek of vlek is nie, wat Die Gesalfde Een is,

**Lev 11:44** want Ek is יהוה, julle God. Julle moet **julleself afsonder en wees afgesonderd**, want Ek is Afgesonderd. [1 Kefa 1:15,16](#) Moet julleself ook nie onrein maak deur enige ding wat op die aarde wemel nie,

**45** want Ek is יהוה wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het om julle God te wees. Julle moet daarom **afgesonderd wees omdat Ek afgesonderd is**.

Satan oortuig ons om Vader se wet en wil in twyfel te trek, te vervang, klein veranderinge aan te bring of heeltemal af te skaf. Dit is die doel van Satan se koninkryk en van sy diensknegte. So bewys hy dat hy koning is en in beheer is.

- Deur misleiding, halwe waarhede en verdraaide leerstellings het hy in beheer gebly.
- Vader se Koninkryk is waar Hy Koning is en waar Hy in beheer is.
- Ons deel van die verbond is om te doen wat ookal die Koning vra. Om Hom tevrede te stel.

Wees nie (BLIND) nie:

Bewuste sondes.

Leef sonder verskonings of sonde.

Identifiseer swakpunte.

Niks is die las van ongehoorsaamheid werd nie.

Dinge wat jou negatief kan beïnvloed.

**Wees: AFGESONDERD vir יהוה**

### 3. Die Waaioffer

**Ons Aanvaarding**

**Yeshua is as Eerstelinggerf aanvaar**

**1 Kor 15:20** maar nou, Die Gesalfde Een is opgewek uit die dood uit en Hy is die eersteling vrug van dié wat dood is.

**Sodat Yisra'el as Eerstelingoes aanvaar kan word**

**Rom 8:23** Nie alleen hulle nie, maar ook ons wat die eersteling vrugte van die Gees in ons het, kreun ook in onself in afwagting op die aanstelling as kinders en die bevryding van ons liggame,

**En ons as die finale oes.**

**1 Kor 3:9** want ons is medewerkers van God en julle is die oes van God, die gebou van God.

Vader wil

- ✓ die kettings van jou hande en voete afbreek.
- ✓ die verhinderende van besluite.
- ✓ die vrees vir gevolge. Vrees!! – Jy is aanvaar
- ✓ dat jy eet van die Boom van die Lewe en LEEF.



## Die Eerste groot Fees is dus:

- Ons verlossing (aanvaarding van die offer),
- Bevryding (afgooi van skuld),
- Afsondering (doop in water en Gees) en
- Aanvaarding by die Vader (rus).

Dit kan ook vergelyk word met:

### 1. Die eerste area van die tempel:

Die Altaar  
Die Waskom  
Die Offers

### 2. Die Fondasie beginsels:

**Heb 6:1** As gevolg hiervan, laat ons nie by die aanvanklike boodskappe aangaande Die Gesalfde Een bly nie, maar na die **volmaaktheid** aangaan. Of lê julle weer 'n ander fondasie vir die wegdraai van dooie werke en vir vertrouwe in God,

- 2 vir die leer aangaande dope, die handoplegging, die opstanding van dié wat dood is en van die ewige oordeel?



## 4. Die Vierde Fees – Shavu'ot



### Die Tweede groot Fees - Shavu'ot

(Fees van weke / Fees van die oes / Fees van vyftig dae)

- In hierdie tyd is die Instruksies van Vader aan die volk gegee – Torah.
- Op hierdie dag is die Gees van God gegee wat die Torah op die harte van mense skryf.
- Hierdie is dus die vervulling van die belofte van die Nuwe Verbond – "Ek sal My wette op julle harte skryf".

### Die Menorah is in die Afgesonderde Plek.

- Olie = Gees
- Lampe = Woord van God
- 7 lampe = volmaakte Woord
- Die lampe het almal in een rigting – vorentoe – gebrand en lig gegee
- Olie brand altyd vanuit die lampe.
- Die Gees (olie) werk deur die Woord van God (lampe) **wat die lig gee.**

**Niks** anders is nodig nie. Dit wat van buite die Woord is, is nie van die Gees nie.

Die Afgesonderde Plek funksioneer as eenheid = alles moet saamwerk in harmonie.

**Die Lampstaander en olie = Woord = Gees**

**Die Goue Altaar = Verhouding met Vader = Gebed**

**Die Tafel van Teenwoordigheid = Verhouding met medemens = wat "fellowship" met broers insluit.**

Hierdie is die enigste roete na die volle Teenwoordigheid van Vader in die Mees Afgesonderde Plek.

Die olie moet gereeld – daagliks – vervang word. Dit begin nie en gaan dan aan nie. Konstante werk om Sy wil te ken en oor te gee aan die Gees is nodig. Daaglikse bestudering van Sy Woord is van kern belang - Titios 1:9-11 Dit is nie sommer enige olie nie. Dit is spesiaal voorberei; dus is dit nie eie woord of lering nie, maar die Woord van God. Hierdie olie is ook nie vir eie gebruik nie, maar slegs vir gebruik in die tempel – in Sy Koninkryk.

## Hoeveel van Vader se olie word vir onself gebruik?

**Yir 31:33** Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra'el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. [Yeg 37:23](#); [Open 21:3](#)

Iets wat bygevoeg word of weggelaat word, neem 'n deeltjie van die Karakter en Outoriteit van יהוה weg – dan is dit nie meer die ware God wat aanbid word nie en ook nie Sy Woord = opdrag wat uitgevoer word nie.

## Die Tweede groot Fees is dus:

- Ons lewensstandaarde (Wet)
- en die bekragting (Gees) om dit te kan doen.

Dit kan ook vergelyk word met:

### 1. Die tweede area van die tempel:

Die Menorah  
Die Tafel  
Die Goue Altaar

### 2. Die Fondasie beginsels:

- Heb 6:4** maar dit is onmoontlik vir dié wat eenmaal in die doop afgegaan het, die hemelse geskenk gesmaak het, die Gees wat Afgesonderd is ontvang het, [Mat 12:31-32](#); [2 Kefa 2:21](#)
- 5** die goeie Boodskap van God en die krag van die toekomstige wêreld gesmaak het,
- 6** om weer te sondig en van voor af in erkenning en aflegging van skuld vernuwe te word en die Seun van God van voor af te kruisig en veragtelik te word, [Deut 29:18-20](#)
- 7** want die grond drink die reën wat gereeld daarop val in en laat die weiding groei, bruikbaar vir hulle vir wie dit bewerk word. Dit ontvang 'n seën van God,
- 8** maar as dit dorings en distels voortbring, word dit verwerp, is dit naby vervloeking en sy einde is om verbrand te word.
- 9** Ons is egter aangaande julle, vir wie ons lief is, van uitstekende dinge oortuig; dinge wat met die lewe saamgaan, al praat ons só,
- 10** want God is nie boos dat Hy julle dade en die liefde wat julle in Sy Karakter en Outoriteit gewys het deurdat julle die afgesonderdes bedien het en nog bedien, sal ignoreer nie.
- 11** Ons begeer van elkeen van julle dit: ywer vir die volmaaktheid van julle versekerde verwagting, tot die einde toe
- 12** en dat julle nie sal verflou nie, maar dat julle navolgers sal wees van hulle wat deur vertrou en langdurige geduld erfgename van die belofte geword het,
- 13** want toe God aan Avraham die belofte gegee het, het Hy, aangesien Hy by geen meerdere 'n eed kon sweer nie, by Homself 'n eed gesweer [Gen 22:16](#)
- 14** en gesê: “Ek sal jou dubbel seën en jou met 'n dubbel maat vermeerder.” [Gen 22:17](#)
- 15** So was hy geduldig en het hy die belofte ontvang,

## 5. Die Laaste drie Fees



### 5. Die Fees van die blaas van die Shofar Yom Teruah

Die hoof betekenis van die blaas van die Shofar is die aankondiging van die koms van die Koning. Hy het tydens hierdie fees gekom en die shofar gaan weer blaas en Hy gaan weer in hierdie tyd van Tishri, die sewende maand, kom.

U moet asseblief na die volgende afsonderlike leringe gaan kyk vir duidelikheid:

Kersfees

Die Shofar

### 6. Die Dag van Toedekking Yom Kippur

Dit is die mees afgesonderde dag op die kalender van God. Dit is 'n Shabbat en dit is 'n volledige vasdag. Niks mag oor jou lippe kom nie. Dit was die volk se een kans om in Sy Teenwoordigheid in te gaan deur Aharon, hulle verteenwoordiger.

Yeshua het dieselfde gedoen as die Hoofpriester – die gordyn geskeur en daardeur gesê – “Kom saam met My in Vader se Teenwoordigheid in.” Ons word ingenooi om in Vader se Teenwoordigheid ten volle te lewe in vergifnis, aanvaarding en kennis.

### 7. Die Loofhutte fees Sukkot



(Ons bly in tydelike strukture om ons afhanklikheid van Hom te wys.)

Pesag is die eersteling gerf.

Shavu'ot is die eerste oes. Sukkot is die finale oes.

Sukkot is 'n 7 dae fees en op die 8 ste dag die laaste groot dag van God = Oordeel - is 'n Shabbat.

### Die Derde groot Fees is dus:

- Ons afhanklikheid van Vader
- en die volhardende lewe deur vertrouwe in Sy Teenwoordigheid
- en afwagting totdat Yeshua weer kom.

Dit kan ook vergelyk word met:

#### **1. Die derde area van die tempel:**

Die Mees Afgesonderde Plek met die ark:

- Wet (Woord)
- Staf met lewe (Outoriteit)
- Manhu (Voorsiening)



## 2. Die Fondasie beginsels:

**Heb :18** sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, groot vertroosting kan hê - ons wat in Hom skuiling gesoek het - en sodat ons die versekerde verwagting mag vasgryp wat aan ons belowe is:

**19** Hy, wat vir ons soos 'n anker is, wat vashou in ons lewe, wat nie beweeg sal word nie en binnekant die skeidingsgordyn ingegaan het,

**20** waar Yeshua vroeër ingegaan het namens ons en die ewige nie-Levitiese Priester geword het volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek. **Ps 110:4**

**Hoe afhanlik is ons van Hom?  
Hoeveel vertrou ons Hom?**

Kopiereg

Kopiereg op die inhoud behoort aan die Lewende, Skepper-God, יהוה, alleen.  
U is welkom om dit onveranderd te gebruik in enige leer of skrywe, met erkenning:  
"Die Pad van Waarheid tot die Lewe" of net "PWL".

**Geen deel hiervan mag verkoop word nie. Sy Woord is gratis.**

Hierdie lering is gratis aflaaibaar vanaf die webwerf of by ons persoonlik te kry.

Besoek ons by: <http://www.padwlewe.ch> vir meer inligting oor die PWL-vertaling wat gebruik word.

Enige navrae kan gerig word aan [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch)

*"Hulle aan wie Hy nie verkondig is nie,  
sal sien en hulle wat nie gehoor het nie,  
sal verstaan."*